View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# Koinonia in die stad: Verhoudinge in die groter stadsgemeentes van die Gereformeerde kerke

H J Hendriks & C B Ludik
Universiteit van Stellenbosch

Abstract
***Koinonia* in the city: Relations in the larger urban congregations of the Reformed churches**

*Koinonia* is of vital importance for the church. It is not only a Biblical injunction, but also, sociologically speaking, a prerequisite for the preservation of faith in the Christian community. Therefore it is imperative that the church's ministry encourages *koinonia*. This is especially true for the church in an urban context, where relational networks have been severely impaired. The traditional pattern of ministry of churches in the Reformed tradition, the shepherd-flock model, does not succeed in stimulating *koinonia* under these circumstances. Therefore, the choice is rather made for the body of Christ-model, with complementary *koinonia*-groupings as theory of practice.

## 1. INLEIDEND

*Koinonia*[1] is 'n saak wat die kern van gemeentewees raak. Sonder *koinonia* kan 'n gemeente nie aanspraak daarop maak dat dit die kerk van Christus is nie. Christus se heilswerk plaas mense in 'n nuwe verhouding met God en met mekaar. Om te

* Hierdie artikel is gebaseer op die navorsing wat gedoen is vir 'n MTh-tesis in die Departement Diakoniologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

praat van 'n Christelike gemeente sonder *koinonia* is dus in werklikheid 'n *contradictio in terminis*.

Nadat dít gesê is, moet egter erken word dat dit op hierdie gebied nie goed gaan met die Gereformeerde kerke nie – veral nie in die stedelike opset[2] nie. Dit terwyl die moderne stadsmens juis 'n groot behoefte aan warmte en intimiteit in menslike verhoudinge het. Waar lê die fout? Hoe kan dit reggestel word?

Wanneer na antwoorde op hierdie vrae gesoek word, lyk dit noodsaaklik om eers vanuit twee hoeke na die kerk te kyk. Die kerk is enersyds 'n skepping van God en andersyds 'n sosiologiese werklikheid. Om hierdie twee gesigspunte van mekaar te skei of te sien as in stryd met mekaar, is om 'n valse onderskeid te maak. Dit is gewoon twee maniere om na dieselfde werklikheid te kyk. Nie een van hierdie gesigspunte kan die kerk ten volle verklaar nie. Nie een van hierdie gesigspunte kan van die ander geïsoleer word sonder rampspoedige gevolge vir die kerklike praktyk nie. Eksklusiewe klem op die eerste dimensie van die kerk laat sy bedieningspraktyk maklik uitmond in passifisme (waar alles van die Here verwag word en beplanning en menslike aktiwiteit feitlik as ongeloof gesien word). Eksklusiewe klem op die tweede dimensie mond uit óf in sinergisme (menslike beplanning en aktiwiteit word gesien as medeverantwoordelikheid van die mens as selfstandige medewerker van God)[3] óf in horisontalisme (alles word verwag van menslike beplanning en aktiwiteit). Wanneer hierdie twee dimensies van die kerk hierna onderskei en afsonderlik bespreek word, word dit dus gedoen met die wete dat daar in beide gevalle nie met selfstandige fasette van die kerk se bestaanswyse gewerk word nie en dat selfs 'n té duidelike onderskeid in 'n sekere sin kunsmatig is.

In die volgende twee afdelings sal die probleem van *koinonia*-armoede in die moderne stadskerk eers vanuit die eerste, en dan vanuit die ander gesigshoek bekyk word. Aan die hand van die gevolgtrekkings wat in hierdie twee afdelings gemaak word, word 'n paar voorstelle vir die gemeentelike praxis gemaak. Aangesien verhoudinge in 'n gemeente deurslaggewend bepaal word deur die strukture van die betrokke gemeente, word veral gedink oor die aard van gemeentelike strukture wat maksimaal ruimte kan maak vir die stimulering van *koinonia*.

## 2. *KOINONIA* EN DIE KERK AS SKEPPING VAN GOD

Die kerk as skepping van God is alleen deur die geloof kenbaar. Die bron waarin inligting oor hierdie sy van die kerk gevind kan word, is die Woord van God. Daar is twee benaderings wat vrugbaar lyk vir 'n poging om vanuit die Bybel lig te werp op die aspekte van die kerk se praxis wat gemeentes se moontlikheid vir *koinonia* beïnvloed. Die eerste benadering is 'n filologiese benadering wat kyk na kernbe-

grippe waarmee die kerk in die Nuwe Testament beskryf word, veral ten opsigte van sy verhoudingsdimensie. Die tweede benadering is om met die hulp van sosiologiese raamwerke te vra na die sosiale wêreld van die eerste geloofsgemeenskappe, en om so by 'n beskrywing van wat hulle beleef het as *koinonia* – die sogenoemde sosiologiese benadering – uit te kom.

Wat die filologiese benadering betref: Dit sou 'n omvangryke studie verg om al die aanwysers vir verhoudinge tussen gelowiges in die Bybel na te gaan. Dit is egter moontlik om, aan die hand van 'n paar van die mees prominente begrippe, 'n taamlike goeie idee te vorm van wat die Woord vir ons hieroor te sê het. 'n Mens kan egter 'n goeie aanduiding kry deur 'n studie van die woord *ekklesia*, omdat dit so 'n belangrike begrip was waarmee die kerk na homself verwys het; die huishoudingmetafore, wat die terminologie van die *oikeios* (huishouding) gebruik om die verhoudinge in die gemeente te beskryf – woorde soos *pater* (vader), *oikonomos* (huisbestuurder), *adelphos* (broer), *adelphe* (suster) ensovoorts; die liggaamsmetafoor; die Hoof-metafoor[4]; die 'mekaar'-tekste en die woord *koinonia*.

Wat die sosiologiese benadering betref, die volgende: Daar het die afgelope drie dekades hernieude belangstelling in die sosiale wêreld van die eerste Christelike geloofsgemeenskappe opgevlam. Anders as die baanbrekerswerk van William Wrede en die sogenaamde *Religionsgeschichtliche* skool in die vorige eeu, sien teoloë in die afgelope jare die *Sitz im Leben* van die vroeë kerk veral as 'n sosiale kategorie en nie meer slegs in terme van die breë historiese tendense nie (Malherbe 1983:7). Om 'n beskrywing van die sosiale wêreld van die eerste gelowiges te kan gee, word die Skrif ook benader soos 'n sosiale dokument. Saam met die Skrif word ook aandag gegee aan ander dokumente uit dieselfde tyd wat lig kan werp op die daaglikse lewensomstandighede van die eerste gelowiges. Daar word aanvaar dat die Skrif slegs verstaan kan word in soverre die sosiale wêrelde waarbinne die verskillende dokumente ontstaan het, verstaan word.

Met die hulp van hierdie twee benaderings, kan die volgende breë parameters opgestel word, wat die normatiewe basis vir denke oor *koinonia* in die kerk van vandag kan verskaf. .

- Ons kry nie 'n uitgewerkte en sistematiese ekklesiologie in die Nuwe Testament nie. Die strukture van die kerk is eerder bepaal deur die aard van die heil. Dit moes klop met die nuwe werklikhede wat deur Christus se heilswerk in die gelowiges se lewens ingebreek het (Versteeg 1985:9). Die feit dat die heil gelowiges nie slegs aan God nie, maar ook aan mekaar verbind, maak *koinonia* dus 'n vanselfsprekende element van enige Christelike gemeente.

- *Koinonia* is tegelyk 'n gegewe (indikatief) en 'n opdrag (imperatief). Dit is nie iets wat eers verwerf moet word nie. Hierdie band wat die Heilige Gees tussen

gelowiges gesmee het, moet egter gehandhaaf word deur konkrete liefdesdade teenoor mekaar.

- *Koinonia* is gegrond op gelowiges se gemeenskaplike band met God. Daarom is dit nie bloot 'n saak van eie individuele keuse nie en ook nie bloot gegrond op ander gedeelde belange nie.
- Intieme, persoonlike verhoudinge tussen gelowiges is die norm in die kerk. Formele, funksionele verhoudinge klop nie met die heil wat deur Christus gebring is nie.
- *Koinonia* het 'n universele karakter. Gelowiges is ingebind in 'n universele broederskap, wat alle mensgemaakte grense oorskry.
- Gemeenskaplike deelname aan die nuwe werklikheid van God se koninkryk loop uit op gedeelde betrokkenheid by die konkrete gestaltes van die koninkryk op aarde. *Koinonia* bestaan ook uit gesamentlike arbeid in diens van die Here.
- Die kerk kan homself met vrug bedien van bestaande sosiale strukture. Hierdie strukture moet egter met omsigtigheid aangewend word. Dit mag nie elemente in die kerk vestig wat strydig is met die aard van Christus se heilswerk nie. Die sosiale patrone waarby die kerk aansluiting vind, sal dus, onder andere, rekening moet hou met die belangrikheid van *koinonia*.

## 3. *KOINONIA* EN DIE KERK AS SOSIOLOGIESE WERKLIKHEID

Dit is vir die kerk moeilik om in die moderne samelewing werklik *koinonia* te kan beleef. Die hegte sosiale netwerke, wat kenmerkend van die pre-industriële samelewing was, is veral in die moderne stad vernietig. Die tipe gemeenskapslewe in die moderne stad het selfs aan mense se wil en vermoë tot diepgaande verhoudinge weggekalwe. Uit die kort opsomming van 'n paar van die belangrikste faktore wat hiertoe aanleiding gegee het, is dit duidelik dat die stadskerk nie daarop kan staatmaak dat lidmate vanself in hegte verhoudinge met mekaar betrokke sal raak nie.

- Die mobiliteit van die moderne mens is een van die groot faktore wat verhoudingsnetwerke versteur. As gevolg van die voortdurende veranderinge in sosiale omgewing, ontwikkel mense nie die vermoë om te bou aan duursame verhoudinge nie. Verhoudinge raak boonop 'n saak van eie keuse en, gevolglik, 'n saak van persoonlike smaak.
- Sekularisasie is die proses waarin al hoe meer sektore van die samelewing en kultuur losgemaak word van die beslissende invloed van godsdienstige opvattings en die kerk (Guinness 1983:51; Prins 1986:28; Berger 1967:107). Dit

gebeur veral in dié sektore wat in die moderne samelewing as die belangrikste gesien word: Die wêrelde van wetenskap, tegnologie, politiek en handel (Guinness 1983:64). 'n Samelewing waar sekularisasie sy loop geneem het, skep 'n nuwe mens: 'n mondige en outonome moderne mens (Louw 1980:27-8) – 'n individualistiese mens (Louw 1980:44). Hy is 'n mens wat nie afhanklik van ander wil wees nie en wat ook nie kan insien dat hy enige verantwoordelikheid teenoor ander 'mondige' mense het nie.

- Privatisering is 'n bepaalde vorm van sekularisasie wat die individu se lewe in private en publieke sfere verdeel (Guinness 1983:75-6). Die private sfeer word gesien as die gebied vir selfvervulling en persoonlike vryheid. Sekularisasie laat godsdiens gewoonlik eerste sy greep op die publieke sfeer verloor. Dit word gevolglik ingeperk in 'n sfeer wat gesien word as gefokus op die persoonlike behoeftes van die individu. Die gevolglike selfgesentreerdheid van godsdiens skep vanselfsprekend probleme vir *koinonia*.
- Die pluralisme van die moderne samelewing skep probleme vir *koinonia*. Die diversiteit van lewensbeskouings en wêreldbeelde in die kerk skep dikwels konflik. Wanneer die kerk teen die impak van kulturele pluralisme op lidmate wal gooi, word 'n laer-mentaliteit maklik ontwikkel wat uitmond in 'n na-binnegerigtheid en agterdog teenoor mense wat anders is. Dit kan lei tot onwilligheid om oop te maak teenoor ander gelowiges as gevolg van die vrees om anders as die groep voor te kom.
- Die moderne samelewing funksionaliseer verhoudinge tussen mense – hulle word in 'n verhouding gestel wat slegs konsentreer op die funksie wat elkeen teenoor die ander het, sonder dat tot die persoonlike vlak deurgedring word (Gaede 1985:36-37).
- Daar is 'n groot mate van demokratisering van gesag in die moderne samelewing. Dit lei dikwels tot individualisme.
- Industrialisasie skep 'n sosiale opset wat deur die prioriteit van produksie oorheers word. Talle gevolge van hierdie prioriteit maak van die industriemens iemand wat moeilik in diepgaande verhoudings kan of wil betrokke raak.
- Die materialisme van die moderne samelewing rig die mens in selfsug op homself en stel hom in op dinge en nie op mense nie.
- Voorstedeliking is die proses waar voorstedelike woongebiede rondom die stadskern gevorm word. Sulke woongebiede neig om sosio-ekonomies homogeen te wees en die gemeentes in hierdie gebiede is dus ook grootliks homo-

geen. Gelowiges in sulke gemeentes is geneig om seksionele belange te dien en moeilik ruimte te maak vir mense wat anders as hulleself is.

Die gevolge van hierdie elemente van die moderne samelewing is verreikend. Dit kweek valse waardes, wat individualisme en egosentrisme verhef tot deugde. Hierdie waardes werk afbrekend in op alle instellings wat afhanklik van hegte verhoudinge is – in besonder die gesin en die gemeente. Die mees destruktiewe uitwerking van hierdie faktore van die moderne stedelike samelewing, is egter dat dit die hegte sosiale netwerke wat so kenmerkend van stabiele plattelandse gemeenskappe is, vernietig. Die kerk kan eenvoudig nie meer, soos in die verlede, daarop reken dat daar verhoudingsnetwerke tussen lidmate bestaan nie.

Dat die Gereformeerde kerke nie die negatiewe gevolge van die moderne samelewing vrygespring het nie, is duidelik. Die kerk word toenemend 'n stadskerk (Smuts 1991:7) en is daarom toenemend blootgestel aan die sosiale faktore wat hierbo genoem is. Dit is duidelik dat die bedieningspatrone wat op die platteland die kerk vir jare lank gedien het, nie meer so goed in die stad nie werk nie. Dit is veral waar ten opsigte van die kerk se vermoë om 'n gemeenskapsgevoel by sy lidmate op die been te kry.

Die stadskerk ondervind op baie vlakke probleme wat na herstrukturering vra. Hierdie besef het meegewerk tot 'n paradigmaverskuiwing vanuit die herder-kuddemodel na die liggaamsmodel (Hendriks 1990:99, 101). Een van die belangrikste redes wat tot hierdie paradigmaverskuiwing bygedra het, is die moderne stadsmens se versugting na warmte in sy sosiale verhoudinge. Die herder-kuddemodel het nie daarin geslaag om dit in groot gemeentes te bewerkstellig nie.

Dit is om verskeie redes uiters belangrik om met sorg om te sien na die sosiale strukture van die gemeente. Die insigte waartoe Peter Berger (1969) vanuit die kennissosiologie hieroor gekom het, is van groot belang[5]. Hy toon oortuigend aan dat die lewens- en wêreldbeskouings wat individue huldig, die produk is van sosiale prosesse en nie bloot individuele keuses nie. Die sosiale groep waarvan 'n individu deel is, vorm 'n geloofwaardigheidstruktuur ('plausibility structure') wat dinge vir 'n persoon waar laat lyk. Omdat ander persone dieselfde menings as hy huldig, is dit vir hom moontlik om te glo dat dinge waar is. Ook die evangelie is ingebed in 'n geloofwaardigheidstruktuur, naamlik die geloofsgemeenskap, wat die subjektiewe waarheidskarakter daarvan bepaal.

Om te sê dat die individu se subjektiewe greep op die werklikheid afhanklik is van sy sosiale konteks, skakel nie die openbaring uit nie. Al sou 'n persoon, moontlik as gevolg van 'n gebrekkige geloofwaardigheidstruktuur, nie die waarheid van die evangelie erken nie, verander dit nie die feit dat die evangelie 'n objektiewe waarheidskarakter het nie. Die evangelie is nie vir sy waarheidskarakter afhanklik van

ons erkenning nie. Dit gaan dus hier daaroor of die evangelie waar lyk en nie of dit waar is nie.

Waar 'n hele gemeenskap as geloofwaardigheidstruktuur vir die evangelie dien, is dit baie makliker om 'n wêreldbeeld in stand te hou as in situasies waar slegs 'n subgroep van die gemeenskap die betrokke wêreldbeeld aanvaar (Berger 1967:48-9). Dit maak die gemeente se rol in die pluralistiese samelewing van die stad geweldig belangrik. Die kerk kan egter slegs sy rol as geloofwaardigheidstruktuur speel as daar beduidende kommunikasie tussen gelowiges is, sodat 'n gemeenskaplike taal en simboliese universum[6] opgebou kan word (Dudley & Hilgert 1987:13). Sonder *koinonia* gaan die kerk in die stad toenemend sy rol as verwysingsgroep[7] afstaan aan ander sosiale instellings. Die gevolge van so 'n ontwikkeling – wat tans reeds ver in ons stede gevorder het – is grootskaalse sekularisasie en verval van die Christelike geloof. Die kerk staan of val in die moderne konteks dikwels by *koinonia*!

## 4. *KOINONIA* IN DIE PRAKTYK

Uit die dinge wat gesê is vanuit die twee hoeke waaruit na die kerk gekyk is, is dit duidelik dat 'n teologiese basisteorie vir die moderne stadskerk deeglik met *koinonia* sal moet rekening hou. Die herder-kuddemodel en die liggaamsmodel is die oorheersende prakties-teologiese modelle in die Gereformeerde kerke, en elkeen verbeeld 'n bepaalde teologiese teorie oor die gemeente. Dit is nodig om krities na beide hierdie modelle te kyk, om te bepaal in hoe 'n mate hulle die vermoë het om ruimte vir *koinonia* te skep.

Die herder-kuddemodel is 'n ekklesiologiese model wat die bedieningspraktyk van die kerk beskrywe in terme van die versorgingsrol van die predikant. Die model ontkom nie in die praktyk maklik aan 'n hiërargiese ampsbeskouing nie en lei gewoonlik tot die 'dominees-kerk', waar alles om die bediening van die leraar draai. Die lidmate speel grootliks die rol van onmondige en passiewe ontvangers van die leraar se versorging (Heyns 1986:66; Van Rensburg sa:57). Ten spyte van die vrug op die kerk se arbeid vanuit hierdie model in die verlede, is dit duidelik dat daar talle elemente van die model is wat dit nie geskik maak vir *koinonia* in die moderne stadskonteks nie.

Die oorheersende rol van die leraar lei tot 'n konsentrasie van die bediening van die gemeente slegs op hom. Die charismatiese struktuur[8] van die gemeente speel feitlik geen rol nie, sodat lidmate se onderlinge sorg vir mekaar verdwyn agter die versorgingsrol van die leraar. In medeleraarskappe (die norm by groter stadsgemeentes) kom min tereg van die interafhanklikheid van medeleraars en van die benutting van die gawes van die onderskeie leraars. *Koinonia* tussen medeleraars kom

dikwels nie op dreef nie, omdat hulle feitlik in kompetisie met mekaar gestel word ten opsigte van lojaliteit van die kudde. Die feit dat die herder-kuddemodel alles onder toesig van die leraar wil plaas, plaas 'n beperking op die mate van strukturele uitbreiding wat moontlik is in 'n gemeente wat volgens hierdie model werk. In die stadsopset is dit dikwels dan juis broodnodige strukturele veranderinge (soos die stimulering van kleingroepe) wat in die wiele gery word deur die feit dat die leraar nie oral kontrole kan uitoefen nie. Die feit dat die model die klem grootliks op die verhouding tussen die leraar en die gemeentelaat val, veroorsaak dat dit nie in die praktyk lei tot doelgerigte pogings om *koinonia* met ander lidmate te stimuleer nie.

Na aanleiding van die paar knelpunte wat hierbo genoem is, kan 'n mens sê dat die herder-kuddemodel nie die ideale model is vir *koinonia* in 'n stadsgemeente is nie. In hierdie opsig vaar die liggaamsmodel veel beter.

Een verdere opmerking moet hier gemaak word om moontlike misverstand te voorkom: Hoewel die herder metafoor, soos dit in die Skrif voorkom, die sentrale motief by hierdie model vorm, bedoel die metafoor om (soos alle metafore vir die kerk) slegs 'n enkele aspek van die kerk te beskryf. 'n Model is egter nie identies met die Bybelse metafoor waarop dit steun nie. Dit is bloot 'n prakties-teologiese konstruksie met 'n heuristiese funksie. Kritiek teen 'n model impliseer dus nie kritiek teen 'n metafoor vir die kerk nie. Die herderlike funksie van leiers in die gemeenskap van gelowiges is dus nooit weg te redeneer nie, afgesien van watter ekklesiologiese model aangelê word. Dieselfde moet ook gesê word van die noodsaaklikheid vir die aanwending van alle gelowiges se gawes in 'n gemeente, soos dit tot uitdrukking kom in die liggaams-metafoor.

Die liggaamsmodel is 'n ekklesiologiese model wat die funksionering van die kerk in terme van die funksies van lidmate en leiers beskryf. Lidmate word gesien as mense wat deur die Heilige Gees met gawes toegerus is en as die mense wat verantwoordelik vir die bediening in die gemeente is. Die leiers in die gemeente se funksie is toerusting, koördinering en stimulering van dienswerk. Die model lê sterk klem op die hoofskap van Christus.

Hierdie model is nie sonder sy gevare vir *koinonia* nie. Die klem wat die model op die funksies van lidmate binne die gemeente lê, hou die gevaar in dat verhoudinge in die gemeente op funksionele vlak kan vashaak en nie tot die persoonlike vlak kan deurbreek nie. Mense kan so oorlaai word met verpligtinge en aktiwiteite dat hulle nie tyd het om aan verhoudinge te bou nie. In plaas van die oorwerkte en oorlaaide leraar kry ons dan die oorwerkte en oorlaaide leraar èn gemeente! Dat hierdie stand van sake nie vir *koinonia* bevorderlik is nie, spreek vanself.

Ten spyte van hierdie inherente gevaar bied die liggaamsmodel op talle ander punte moontlikhede vir *koinonia* in 'n stadsopset.

Die liggaamsmodel verleen volle erkenning aan die charismatiese struktuur van die gemeente. Wanneer lidmate hulle gawes ontdek en uitoefen, ontdek hulle hul interafhanklikheid. Die konflikpotensiaal van 'n pluralistiese gemeente word tot 'n baie groot mate deur die klem op die verskeidenheid van gawes getemper. Mense leer om verskille in 'n positiewe lig te sien. Wanneer die fokus deur die liggaamsmodel so sterk op Christus as hoof van die gemeente val, ontdek gelowiges ook hulle gemeenskaplike identiteit in Christus, wat immers die grond van *koinonia* is. Ook die klem op die Heilige Gees as Gewer van die charismata rig gelowiges op die heilsindikatiewe waarin die eenheid van die kerk opgesluit is.

Met die oog op *koinonia*, val die keuse dus op die liggaamsmodel as die mees geskikte ekklesiologiese model wat tans in die Gereformeerde kerke in omloop is. Vir die toepassing van hierdie model in die praktyk, val die keuse op die praktykteorie van komplementerende *koinonia*-verbande, soos beskryf deur Hendriks (1990; 1992).

Komplementerende *koinonia*-verbande (Hendriks 1990; 1992) is 'n praktykteorie wat die bediening in die gemeente struktureer aan hand van vyf interafhanklike *koinonia*-verbande waarbinne die individu staan. Vir die behoorlike funksionering van die gemeente is dit noodsaaklik dat klem op al hierdie verbande gelê word. Slegs in hulle samehang funksioneer die gemeente na behore (Hendriks 1990:103). Die vyf verbande is:

- Die individu (in sy relasie tot God)
- Die gesin
- Die kleingroep (3 tot 12 persone)
- Die grootgroep (13 tot ongeveer 80/120 persone)
- Die erediens (die gemeente in sy geheel).

Al hierdie verbande is saam gerig op dienslewering in die wêreld.

Die kleingroep speel in hierdie praktykteorie 'n sleutelrol. Dit dien in die eerste plek vir talle mense as invalspoort tot die *koinonia* van die hele gemeente. In die kleingroep kan hulle deel word van die gemeenskaplike taal en simboliese universum van die hele gemeente. Hier kan hulle leer om hulle te verbind aan die gemeente as geloofwaardigheidstruktuur. Alleen as gelowiges in deurlopende kommunikasie met medegelowiges verkeer, sal hulle die geloofsgemeenskap beleef as verwysingsgroep wat hulle waardes en wêreldbeskouing vorm. Dit is belangrik, omdat gelowiges eers *koinonia* as 'n realiteit beleef wanneer hulle gemeenskaplike verbondenheid aan Christus beleef word as die primêre faktor wat hulle identiteit bepaal. Geeneen van die ander *koinonia*-verbande kan hierdie kritieke rol so effektief speel soos die kleingroep nie. Die feit dat komplementerende *koinonia*-verbande die kleingroep boonop inbind in 'n totale gemeentelike struktuur, bind ook

die kommunikasie binne die kleingroep in in die totale kommunikasie van die gemeente.

Die tweede rol wat die kleingroep in hierdie praktykteorie speel, is dié van leerskool vir *koinonia*. Die vorige afdeling het uitgespel hoe die moderne stadsmens se vermoë tot *koinonia* weggekalwe is. Hy beleef eenvoudig nie meer hegte interpersoonlike verhoudinge nie – nie eens in sy gesinsverbande nie. Hy het die vaardighede wat nodig vir *koinonia* is, verloor. Hy sal van voor af geleer moet word hoe om betrokke te raak in diepgaande altruïstiese verhoudinge. Hiervoor is die kleingroep by uitstek geskik.

Wanneer die kleingroep in komplementerende *koinonia*-verbande geïmplementeer word, is daar egter twee belangrike voorbehoude. Die eerste is dat daar besef sal moet word dat 'n kleingroep deur bepaalde fases wat deeglik in ag geneem moet word, gaan. Hendriks (1990:104) stel die perk vir groepe wat uitsluitlik op geestelike opbou konsentreer, op ongeveer agtien maande. Daarna begin so 'n groep stagneer as dit nie tot dienswerk of hergroepering oorgaan nie. Dan raak die groep patologies na binne gerig. Die groep sluit sy geledere en word 'n kliek. Dit word eerder 'n hindernis as 'n bate vir die *koinonia* in die gemeente.

Die tweede voorbehoud sluit aan by die eerste. Kleingroepe moet nie net op hulleself gerig wees nie. Die uiteindelike doel van 'n kleingroep is toerusting vir diens. Selfs by 'n groep wat primêr op geloofsopbou gerig is, is dit belangrik dat daar van meet af aan reeds 'n gerigtheid sal wees op dienswerk. Al is die dienswerk waarby hulle saam betrokke is op 'n baie klein skaal, verhinder dit dat die groepe in na-binnegerigte klieks ontaard. *Koinonia* wat die kerk na binne rig, is valse *koinonia*. Dit bou nie die gemeente op nie, maar maak dit eerder siek.

## 5. SLOTOPMERKINGS

Die moderne stadskultuur maak dit dringend noodsaaklik dat die kerk toegespitste aandag aan *koinonia* sal skenk. Die belangrikheid van *koinonia* word nie bloot op grond van pragmatisme beklemtoon nie, maar op grond van die Skrif se siening van *koinonia* as essensiële komponent van kerkwees. Dit is duidelik dat die Gereformeerde kerke se tradisionele bedieningspatroon wat uitgaan van die herder-kuddemodel, nie altyd genoeg ruimte vir *koinonia* skep nie. Daar is in werklikheid 'n aantal kernelemente van die tradisionele bedieningspatroon wat in die pad van *koinonia* staan. Hierdie elemente kan nie maar net uitgesuiwer word uit die bestaande bedieningstrukture nie. Daar sal eers op 'n hele nuwe manier oor die kerk gedink moet word.

Die spesifieke omstandighede waaronder die stadsgemeente moet funksioneer, maak dit dus dringend noodsaaklik dat daar met 'n ander model as die herder-kuddemodel gewerk moet word.

'n Gemeente wat nie doelbewus daaraan werk om *koinonia* te stimuleer nie, laat sy lidmate in die steek. As die geloofsgemeenskap nie gevestig word as die verwysingsgroep van gelowiges nie, word hulle magteloos teen die roepstem van die *Lorelei* van die moderne tydsgees. Die blote voortbestaan van geloof word, menslik gesproke, in so 'n gemeente bedreig! Daarom word voorgestel dat uitgegaan word van die liggaamsmodel as teologiese basisteorie vir die Gereformeerde kerke se stadsgemeentes. Die praktykteorie van komplementerende *koinonia*-verbande word voorgestel om hierdie model in die praktyk in werking te stel. Hierdie kombinasie skep 'n veel groter moontlikheid vir *koinonia* in die groter stadsgemeentes van die Gereformeerde kerke as die tradisionele herder-kuddemodel.

**Eindnotas**

1. *Koinonia* word hier gebruik vir die hegte wederkerige verhoudinge tussen gelowiges, maar dan verhoudinge gestempel deur hulle geloof in Christus. Dit gaan spesifiek oor die verhoudinge wat deur die Heilige Gees tussen gelowiges gesmee is, maar wat deur die geloofsgemeenskap gehandhaaf moet word (Ef 5:3). Die uitdrukking 'Gereformeerde kerke' het nie as sodanig betrekking op 'Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika' nie.
2. Ter wille van gerief word hier bloot gepraat van die stad, terwyl daar ook na middestadsgebiede, voorstede en groot plattelandse dorpe verwys word. Dit gaan oor 'n sosiale opset, waar moderne kulturele patrone die ou agrariese sosiale patrone vervang het.
3. Hier word nie verwys na die pneumatologiese uitsig van die mens as medewerker van God nie. Dit gaan oor 'n handhawing van die mens as onafhanklike en outonome medewerker van God, wat vir die skrywer moeilik aanvaar kan word.
4. Hoewel die liggaams-metafoor en die Hoof-metafoor beide van liggaamsterminologie gebruik maak, het ons hier te doen met twee afsonderlike metafore, elk met hulle eie gebruike (Roberts 1984:300).
5. Kennissosiologie is die vertakking van sosiologie wat ondersoek doen na die verwantskap tussen menslike denke en die sosiale omstandighede waaronder dit plaasvind (Berger 1969:50).
6. Met 'simboliese universum' word in die sosiologie verwys na die konstellasie van simbole of denkraamwerk wat individue in 'n bepaalde gemeenskap besit en wat betekenis gee aan die werklikheid waarin hulle hulle bevind (Berger

1967:29-52). Dit is 'a world of the mind and heart in which their existence... made sense' (Dudley & Hilgert 1987:13).

7. Joubert (1980:72) definieer 'n verwysingsgroep soos volg: "n Groep of kategorie mense wat 'n persoon gebruik as verwysingspunt in sy selfbeeld, selfevaluasie of eie normatiewe beskouings.' Hierdie groep se opinie van die betrokke persoon tel vir hom meer as enige ander groep mense. Daarom vorm dit die persoon se optrede en diepste waardes (Dudley & Hilgert 1987:24).
8. Met die 'charismatiese struktuur' van die gemeente word bedoel dat die gemeente se struktuur in wese bepaal word deur die somtotaal van die charismata wat die Gees in die gemeente uitgestort het. Hier het ons nie met 'n opsionele saak te doen nie, maar met 'n saak wat lê aan die wese van die Christelike kerk.

**Geraadpleegde werke**


Berger, P L 1967. *The social reality of religion*. London: Faber and Faber.

--- 1969. *A rumour of angels: Modern society and the rediscovery of the supernatural*. London: Penguin.

Dudley, C S & Hilgert, E 1987. *New Testament tensions and the contemporary church*. Philadelphia: Fortress.

Gaede, S D 1985. *Belonging: Our need for community in church and family*. Grand Rapids: Zondervan.

Guinness, O 1983. *The gravedigger file*. London: Hodder and Stoughton.

Hendriks, H J 1990. Komplementerende koinonia-verbande. *NGTT* 31/1, 99-108.

--- 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Heyns, L M 1986. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduits Gereformeerde Kerk. DTh-verhandeling, Unisa:

Joubert, D 1980. Sosiologiese begrippe. *Societas* 7, 1-50.

Louw, D J 1980. *Die stad in die mens: Oor kerk-wees vandag*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Malherbe, A J 1983. *Social aspects of early christianity*. Second edition. Philidelpia: Fortress.

Prins, J M G 1986. Die koinoniale nood van die mens van vandag, in *Diakonia en koinonia: Die diakonaat en die gemeenskap van die heiliges*, 22-49. Pretoria: Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Ned. Geref. Kerk.

Roberts, J H 1984. Die kerk by Paulus, in Du Toit, A B (red), *Handleiding by die Nuwe Testament, Deel V*, 282-319. Pretoria: N G K-Boekhandel.

Smuts, M (red) 1991. *Kerkspieël III*. Pretoria: Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk.

Van Rensburg, G F J sa. Gemeente in die jaar 2000: 'n Stukturele model vir makrogemeentes. DTh-verhandeling, UNISA.

Versteeg, J P 1985. *Kijk op de kerk: De structuur van de gemeente volgens het Nieue Testament*. Kampen: Kok.